


THE CANNON ASSOCIATION OF SOUTH AFRICA

11 SEATON STREET, PARKLANDS, CAPE TOWN 7441

TEL. / FAX (021) 557 1299 - CELL 082 416 9547

E-MAIL noongun@mweb.co.za



Linde-Familiebond herdenk koms van stamvader op luisteryke wyse

Op Erfenisdag, 24 September 2010 het die Linde-Familiebond, verteenwoordig deur sowat 60 mense, 'n gedenksteen ter herinnering aan Hans Jürgen Linde, die stamvader van al die Afrikaanse Lindes in S.A, op Lindeshof naby Riviersonderend onthul. Die stamvader is in 1730 in Hagsfeld naby Durlach in Duitsland gebore, en het in 1753 in die Kaap aangekom waar hy diens as soldaat en wamaker gedoen het. In 1758 trou hy met Catharina Elisabeth Swart (weduwee Moleman), en word landbouer op Ganskraal, Lindeshof. Hulle het ses kinders gehad waarvan vier seuns was, en die stamvader is omstreeks 1775 oorlede. Die Linde feesgangers het na die onthulling die plaas Ganskraal besoek waar die eienaar, Dr. Beyers, hulle met historiese vertellings geboei het. Hans Jurgen was nie net 17 jaar landbouer op Ganskraal nie, maar was ook die eerste seinwagter van die Tygerhoek seinkanon vanaf 1759.

Ongeveer 250 jaar later, op Erfenisdag 2010, het 'n direkte nasaat van die stamvader, by name Basie Linde, weer die seinkanon afgevuur in die teenwoordigheid van opgewonde Linde feesgangers. Die Tygerhoek seinkanon is deur die Kanonvereniging van S.A. weer skietvaardig gemaak danksy betrokkenheid deur die Rapportryers van Riviersonderend. Drie skote is afgevuur o.l.v. kanonniers, Jürg Zimmermann en Erick Kellerman, en dit was die eerste keer sedert 1806 wat die seinkanon weer in die omgewing van Tygerhoek gebulder het, 'n goeie 204 jaar later! Die seinkanonstelsel kan gesien word as S.A. se eerste telekommunikasiestelsel, en is gebruik om burgers op te roep om die Kaap teen moontlike Britse invalle te verdedig, soos wel in 1795 en weer in 1806 plaasgevind het. Ter herdenking aan hierdie ryk geskiedenis word daar deur plaaslike entoesiaste hard gewerk aan die droom om die hele Overberg seinkanonstelsel weer eendag te laat herleef. Drie van die sewe kanonne in die Overberglyn is reeds skietvaardig.

Die Linde-Familiebond het op 25 Sept.2010 ook die Drostyd museum op Swellendam besoek, en die middag die Linde plaas, Kliphogte, asook die plaas Joubertsdal. Die Lindefees was 'n diepe geestelike belewenis vir al die feesgangers, en Ds. Hans Linde en sy familie van Wellington word deur almal met waardering bedank vir al die reëlings wat hulle getref het om die fees so 'n groot sukses te maak.

Voortspruitend uit die Lindefees en toepaslik op Erfenisdag, is die Zonderend Organisasie vir Erfenisbewaring (ZOE) op Leeukraal gestig. Dis 'n nie-winsgewende organisasie wat hom gaan beywer vir die bewaring en bestuur van plekke, geboue, grotte of artikels van argeologiese, geskiedkundige of kulturele belang in en om Riviersonderend. Dit sluit steentydperk implemente, grotte, die Ou Kaapse wapad, 'n ou meule, poskantoor, kerk, smidswinkel, ou plase, driwwe, brûe, begraaftplase, buiteposte, ens in.

